UITTEKENPROSEDURE

**Verlaat van skoolterrein**

- ’n Volkie het integriteit en weet hy/sy kan die skoolterrein tussen 07:10 en 13:40 slegs met toestemming verlaat – selfs as ‘n ouer hom/haar by die skool kom haal. Aangesien die skool die verantwoordelikheid neem vir die veiligheid van die leerders, word ouers versoek om die uittekenprosedures stiptelik te volg. Indien ’n Volkie die skoolterrein moet verlaat word die volgende vaste prosedures gevolg:
- ’n Brief van die ouer/voog wat die datum, tyd en rede verstrek waarom die terrein voor 13:40 verlaat moet word, is ten alle verpligtend.
- Handig die brief by die kantoor in (me. Yolandi Volschenk) om ’n uittekenbriefie te kry om die terrein te kan verlaat. Hierdie brief word ook vir rekorddoeleindes geliasseer.
- Leerders moet tussen 08:30 tot 9:00 die uittekenprosedure afhandel (ongeag die tyd van die dag wat leerders die terrein gaan verlaat).
- Kry tussen 08:30 tot 9:00 mnr. Johan Herbst se skriftelike toestemming. In uitsonderlike gevalle kan daar toestemming van die hoof of adjunkhoofde verkry word.
- Die onderskeie vakpersoneel moet die uittekenbrief ook onderteken.
- Handig die uittekenbrief weer by die kantoor in (me. Yolandi Volschenk) om ‘n skeurstrokie te ontvang om die terrein te mag verlaat. Hierdie strokie moet by die sekuriteitshuisie getoon word.
- ’n Ywerige Volkie poog om, waar moontlik, geen doktersafsprake, bestuurderslisensie of ander afsprake tydens skoolure te maak nie, om sodoende nie werk te mis wat later weer met moeite ingehaal moet word nie. Indien ‘n  Volkie akademiese werk verloor weens uitteken gedurende skoolure, is dit sy/haar verantwoordelikheid om hierdie werk SELF voor die volgende skooldag in te haal. ’n Volkie ontvang net ’n sertifikaat vir getroue skoolbesoek indien hy/sy elke dag by die skool was en nooit stokkiesgedraai het nie.